

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968 www.onskontrei.co.za
13 MAART 2026 - JAARGANG 58-1716 R7.00 Inklusief
Telefoon: 027 213 2074 E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND
11-Maart 2026 - 29.04%
11 Maart 2025 - 46.65%
Reënval vir die week:
0.1mm

Body Fuel EXPRESS
Purified Water
Ozomated / Reverse Osmosis

Dorpstraat, Vredendal
083 611 2867
* Refill station
* Water dispensers

Helder oordag wreed aangeval



Die drie mans het in die hof op Lambertsbaai voorgekom. Die verhoor het 'n menigte inwoners van die omgewing gelok. Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Verskaf.

Lees binne:

Parsseisoen uitdagend bl 2	Fotografie bemagtig jeug bl 7	Atleet deur na SA's bl 8
---	--	---------------------------------------

Weervoorspelling vir die week

Don. 12/03 19°/44° 	Vry. 13/03 16°/44° 	Sat. 14/03 16°/39° 	Son. 15/03 15°/39°
Ma. 16/03 15°/34° 	Di. 17/03 12°/28° 	Wo. 18/03 14°/30° 	Intligting verkry vanaf AccuWeather 11 Maart 2026

MASKAM CASH Dorpstraat, Vredendal
027 213 3249
Kort op kontant? Ons kan help!

NGK GRAAFWATER BASAAR
KERKSAAL
10:00 - 13:00
14 Maart 2026

- Braai vleis & slaai (wegneem)
- Verpakte rou vleis
- Kraakvars groente en vrugte
- Vars gebak: brood, beskuit, koekies, koek en tert
- Jaffels & vetkoek
- Pannekoek - BRING EIE HOUERS
- Heerlike poeding
- Koffie / tee met 'n muffin
- Yskoue koeldrank

MOENIE MISLOOP NIE:

- Wit Olifant tafel
- Kindertafel vol bederfies en speletjies
- LOOTJIES!
- DIE VEILING!

Vir meer inligting: Kontak die Striba 084 806 7821 ngkgraaf@gmail.com

MANNE ONTBYT
Aangebied deur Vredendal Baptiste Kerk

21 Maart
7:30 - 8:00 Koffie & Beskuit
8:00 - 9:00 Gasspreker **Dr Ferdie Mulder**

Tema: "Dis goed om 'n man te wees."

9:00 Ontbyt
Koste R150pp

Kontak Francois: 083 633 4933

Badisa BADISA CLANWILLIAM
Maatskaplike Dienste / Social Services

AAND VAN DANKBAARHEID 2026
MET **JESSICA DANIËLS**
TIKTOK-STER & CHAISTEN-INVLOEDER

SATERDAG 14 MAART
#ONS DRA MEKAAR!
TOEGANG: R250PP
(3600 MAALTYD INGESLUIT)

NG KERKSAAL @ 16:30 (HALF VYF)
KOM ERVAAR 'N AAND WAAR ONSE TERUGKYK MET DANKBAARHEID EN VRENTJIE STAP MET HOOP

APK-BASAAR 2026
Gemeenskapskuier vir die Hele Gesin
21 Maart 2026 • Jan-Mosterpark, Clanwilliam

Kom Kuier • Eet Lekker • Water Slides
Ondersteun Ons Gemeente

- Fyngebak
- Koekies & Beskuit
- Vars Koek
- Vleis te Knop
- Kerrie-en-Rys
- Braanleis
- Poeding & Meer!

Musiek

'n Dag van:
Goeie Kos • Lekker Gesels • Gemeenskapssgees • Familiepret

AKTUELE NUUS

Belowend maar uitdagende seisoen

Berig: Annemarie Munnik

VREDENDAL: Die 2026 parsseisoen is steeds in volle swang.

Klawer Wine Cellars het hulle seisoen op Woensdag, 14 Januarie afgeskop met hul eerste vrug chenin blanc. Pieter van Aarde van Klawer Wine Cellars sê 'n sameloop van omstandighede, soos hoë temperature in Desember/Januarie en die vermindering van waterkwotas, is die beste kombinasie vir hoë suiker en gesonde druive.

Klaas Coetzee van Vinpro sê die oes het aanvanklik twee dae vroeër afgeskop as in 2025. Die tendens het egter nie deur die seisoen voortgeduur nie, met som-

mige produsente wat heelwat later as in die verlede begin het. Verder was LOR-WGV genoodsaak om vanaf 10 tot 13 Februarie herstelwerk aan die hoofkanaal te doen. Die tempo van oes was aanvanklik matig tot en met 15 en 16 Februarie se hitte, vanwaar die oestempo toegeneem het. Coetzee sê kelders het die afgelope paar weke daaglik op vol kapasiteit gepars, met sommige dae waar rekord daaglikse innames aangeteken is. Die kelders het ook noodgedwonge verskeie laat kultivars saam met vroeë kultivars ingeneem omdat hulle reeds parsgereed was. Hy sê die feit dat sommige vroeë kultivars laat is en van die laat kultivars bietjie vroeër is, is die

hoof oorsaak van bottelnekke by die kelders.

Volgens Coetzee het swart Aspergillus en suurvrot vroeg in die seisoen kop uitgesteek by kultivars soos chenin blanc en sauvignon blanc, maar danksy die vin-nige inname van die kelders het dit nie 'n groot impak op die algemene kwaliteit van die kultivars gehad nie. Hy sê wat die rooi kultivars betref word heelwat rolblad virus waargeneem, tesame met 'n toename in witluis. Die virus is nie so maklik waarneembaar op wit kultivars nie, maar het wel 'n invloed op suiker akkumulasie, wat nie so vinnig plaasvind nie.

Coetzee sê die vroeë kultivars dui op 'n oes wat heelwat groter is as die 2025 inname. Wynkwaliteit lyk belowend met suiker akkumulasie wat in meeste gevalle makliker verloop het as in die vorige seisoen. Op 23 en 24 Februarie het daar reën in die omgewing geval, maar was baie wisselvallig, en het dus nie 'n groot invloed op die kwaliteit gehad nie. Coetzee sê op die

stadium is hulle nog onseker wat die hittegolf toestand se invloed op produksie en kwaliteit sal wees.

Klawer Wine Cellars se uitvoerende hoof, Andries Blake het op Maandag, 2 Maart genoem dat hulle reeds meer as die helfte van sy totale tonnemaat ontvang het, in vergelyking met verlede seisoen. Die druive lyk besonder goed, veral kultivars soos chenin blanc waarvan die laas-teladings aankom en pinotage. Ander variëteite, insluitend colombar, hanepoot, shiraz en cabernet sauvignon het ook, begin inkom.

Tot en met die 2de het die kelder 27 000 ton druive ontvang, met 'n rekordbrekende een dag se inname van 1 656 ton, die hoogste in die geskiedenis. "Gunstige weer het ons geseën met goeie toestande, vry van groot uitdagings soos swaar reënval, soos in ander dele van die land. Ons is dankbaar en opgewonde oor wat die res van die seisoen sal bring," aldus Blake.

TRONOX

REQUEST FOR PRE-QUALIFICATION FOR INVITATION TO POSSIBLE TENDER

MAINTENANCE OF WEIGHBRIDGES AT BRAND-SE-BAAI & MSP

Tronox Mineral Sands (Pty) Ltd ("Tronox") hereby invites vendors to submit the required information, listed below, as prequalification to participate in the possible tender for the services of Maintenance of Weighbridges at the Northern Operations for a 3-year period.

MINIMUM SCOPE OF WORK SUMMARY

Complete scope of work to be sent to successful pre-qualified Vendors

Tronox seeks a service provider to:

- Provide the service of Weighbridge Maintenance on one 130 Ton Road Weighbridge at their Brand-se-Baai site and one 80 Ton Rail Weighbridge and one 100 Ton Road Weighbridge at their MSP site
- Allocate specially trained technicians, verification officers and repairers to provide quarterly visits (once per quarter) to service (examine, test and adjust) scales according to compliance with SANS 10378:2012
- Issue verification certificates and test reports
- Provide emergency call-outs during normal working hours
- Provide the service of their technical staff for consultation whenever necessary
- Provide printed circuit board repairs
- Recondition weighbridge equipment due to normal wear and tear, excluding major parts such as platforms and weighbridge construction
- Issue of documents for cost or repairs when needed eg. request for verification or repairs

MINIMUM TECHNICAL REQUIREMENTS TO BE PROVIDED (RETURNABLE)

- NRCS "Certificate of Designation Verification Body" in terms of Section 7 of the Legal Metrology act, 2014 (Act 9 of 2014) to verify.
- NRCS "Certificate of Designation Repair Body" in terms of Section 9 of the Legal Metrology Act, 2014 (Act 9 of 2014) to repair
- SANAS "Certificate of Accreditation in terms of Section 22(2)(b) of the Accreditation for Conformity Assessment, Calibration and Good Laboratory Practice Act, 2006 (Act 19 of 2006), read with sections 23(1), (2) and (3) of the said act. Annexure - Scope of Accreditation - Verification Laboratory.
- SANAS "Certificate of Accreditation in terms of Section 22(2)(b) of the Accreditation for Conformity Assessment, Calibration and Good Laboratory Practice Act, 2006 (Act 19 of 2006), read with sections 23(1), (2) and (3) of the said act. Annexure - Scope of accreditation - Repair Body Laboratory.

The purpose of this RFT is to identify potential vendors to be shortlisted as potential bidders for the above-mentioned contract.

RETURNABLES

- Detailed company profile/ business plan with contact details (telephone & email)
- CVs of key staff must be submitted
- Proof of Technical maintenance capability experience, track record in Mining Environment
- Details of similar relevant projects in the Western Cape
- Contactable references for similar projects/ services completed
- Valid Tax clearance certificate
- Valid BBBEE certificate/ affidavit (**Preference will be given to contractors that are at least 51% black women or youth owned**)
- Valid Letter of Good Standing from the WCA (COIDA) – **SMMEs may provide proof of application, however this requirement must be finalized/ fulfilled prior to appointment for work.**
- Proof of Public Liability Insurance of not less than R10 000 000.00 (ten million rand) – **SMMEs that do not have this requirement in place at this stage, may still register, however this requirement must be finalized/ fulfilled prior to appointment for work.**
- **Preference will be given to Local Vendors in the Matzikama & Saldanha Bay municipal areas**

Only vendors who meet the above criteria and are in possession of the above-mentioned documents will be invited to tender. This submission may be followed by an interview process.

Interested parties must register with the Contract Specialist, Ferdinanda Van Schalkwyk e-mail address: Ferdinanda.Vanschalkwyk@tronox.com by forwarding documentation as proof of abovementioned pre-qualification criteria on or before 30 March 2026.

Tronox does not bind itself to accept any commitments or perceived expectations created through this request for information, nor to assign any reason for rejection of a Contractor's submission. Tronox has committed itself in pro-active initiatives to ensure constructive participation by Historically Disadvantaged South African people in various Tronox business opportunities. Through issuing of this enquiry, Tronox encourages a fair competitive opportunity and will embrace or give preference in terms of the Tronox Preferential Procurement Policy and related law and regulations to suppliers with proven capacity and that have strong BEE credentials.

Vanrhynsdorp SAPD verloor staatmaker

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Adjutant-offisier Stefan Hugo (foto regs) het op Vrydag, 27 Februarie sy laaste skof voltooi en uitgetree na 41 jaar van goeie diens.

Hy was deel van Sigbare Polisiëring alhoewel hy 'n paar jaar in die 90's ook speurdiens gedoen het. Hy was 'n kranige sportman en het jaarliks gaan deelneem aan atletiek en skiet op provinsiale, sowel as nasionale vlak. Die laaste paar jare was hy die aangewese polisiebeampte van die stasie gemoeid met vuurwapens en dranklisensies. Sy

uittrede laat reeds 'n groot leemte in die gemeenskap, asook by sy kollegas. "Sy voorbeeldigheid, strengheid, asook onpartydige dienslewering aan die publiek sal ons altyddeur bybly. Hy was inderdaad 'n aanwinst en moet sy aftrede geniet," aldus kaptein Gerrit Ludick, hoof van die SAPD Vanrhynsdorp.



Optredes teen nagmaakte produkte

Berig: Adjutant-offisier Jannnie Louw

VREDENDAL: Vredendal SAPD, beamptes van die Eenheid teen Nagmaakte produkte, gesondheidsinspekteurs en plaaslike wetstoepassers het op Woensdag, 25 Februarie 'n operasie van stapel gestuur in Vredendal sakekern, sowel as in Vredendal-Noord by die spazas.

Tydens die operasie is inspeksies uitgevoer by verskeie winkels in die gebied en ook beslaggelê op nagmaakte produkte soos tabak, bordspeletjies en Vaseline. Daar is ook op speserye wat reeds verval

het, beslaggelê.

Beamptes het ook vier buitelanders gearresteer wat nie oor die nodige dokumentasie beskik het om wettig in die land te wees nie. In totaal is daar op sowat R 30 000 se produkte beslaggelê wat vernietig sal word.

Die beamptes versoek dan ook alle winkeleienaars om streng op te let na die vervaldatums van produkte ten einde die gesondheid van hul klante te beskerm.

Onwettige immigrante gearresteer

Berig: Annemarie Munnik

Foto: Verskaf

LUTZVILLE: Lutzville SAPD in samewerking met eenhede van die Kaap het Dinsdag, 3 Maart die gemeenskap aan die gons gehad met voertuie wat orals rondbeweeg het.

'n Gesamentlike operasie tussen die plaaslike SAPD, die Eenheid teen Nagmaakte produkte, gesondheidsinspekteurs en plaaslike wetstoepassers het verskeie winkels in Lutzville en Koeken-

aap gevisenteer.

Gedurende die operasie is vyf onwettige immigrante by winkels gearresteer, een persoon in Lutzville en die vier ander in Koekenaap. Drie van die persone is Ethiopiërs, 'n Somaliër en een Mala-wiër.

Verder was daar ook beslagleggings op onwettige sigarette. Die lede het ook dwelms by 'n informele struktuur in Koekenaap gevind, waar 'n deursoekingslasbrief uitgevoer is.



Lutzville SAPD beweeg deur die woonbuurt.

Geliefde landbouprodusent wreedaardig aangerand

Berig: Mariaan Smuts
Foto's: Verskaf

LAMBERTSBAAI: 'n Plaaseienaar van Lambertsbaai, die 57-jarige Hugo Louw van Wadrif, is Donderdag, 5 Maart omstreeks 11:55 wreed aangeval deur skaapdiewe toe hy hulle op sy grond betrap het waar hul besig was om van sy skape te slag.

Dokter John Hayes het vir Ian Turner tussen Lambertsbaai en Muisbos gestop en gevra dat hy hulp kry om die aanvallers te soek.

Gideon Padkos de Beer, voorsitter van die Graafwater Landbouvereniging is ook in kennis gestel van die aanval en het sy lede gemobiliseer om te help met die soektog. Turner en Jannie Engelbrecht het ook aan inwoners die boodskap deurgegee en die gemeenskap versoek om te help met die soektog na die aanvallers.

Die eerste verdagte is naby die slagoffer se bakkie op die grondpad langs die Sishen spoorlyn gekry. Die aanvallers is agterop 'n bakkie "gevang" gehou totdat hulle hom aan die SAPD kon oorhandig. 'n Ge-slagte skaap is in die bosse daar naby gevind. Kort daarna is nog 'n verdagte naby die diune by die see gekry. Die man was op vlug om anderkant die diune, sowat 500 m van die bakkie weg te kruip. Die derde aanvallers was soek, maar is later by sy huis in Leipoldville opgespoor. Turner sê sonder Wimpy Louw en Hugo junior se hulp sou hulle nie die aanvallers gekry het nie.

Die mans is welbekend aan die SAPD vir vorige oortredings. Hulle slag gereeld skape in die omgewing en los net die velle agter. Turner het van November tot Desember 12 skape verloor. Hy het dit aangemeld, maar daar het niks van gekom nie.

Dokter Hayes het Louw behandel en bygestaan totdat die West Coast Medical Rescue hom gestabiliseer het en 'n Netcare 911 helikopter hom na die Christiaan Barnard Gedenkhospitaal geneem het. Die nooddienste moes Louw na 'n oop veld neem omdat die mis te dik was vir die helikopter om naby die spreekkamer te land.

Joos Engelbrecht was in kontak met die nooddienste en het die landing en opstyg van die helikopter op video vasgelê. Hy het dit op TikTok gedeel en dit het vinnig versprei.

Louw het in 1987 gematrikuleer aan die destydse Hoër Landbouskool Augsburg. Hy is 'n geliefde inwoner van Lambertsbaai en bekende musikant van die omgewing. Hy het ernstige kopbeserings opgedoen en sy hande was erg gesny, vermoedelik soos hy vir sy gesig gekeer het toe die mans hom met hul bebloede messe aangeval het.

Volgens Hugo junior is sy pa dieselfde aand teater toe om die bloeding en drukking op die brein te verlig. Junior sê die dokter het hulle meegedeel dat sy pa heelwaarskynlik eers gaan verswak voor hy verbeter en dat die volgende 3 dae kritiek gaan wees.

Louw was Vrydag, 6 Maart weer in die teater om sy erg beseerde vingers en arm te herstel. Sy kopwonde is Saterdag skoon-gemaak en weer verbind. Teen Sondag, 8 Maart was hy uit sy koma en sy vrou het die hele dag by hom deurgebring. Hy was deurmekaar en wou weet waar hy is en hoekom. Sy sê hy verstaan alles wat sy sê, maar dis asof hy nie kan glo wat sy hom vertel nie. Louw kon nog nie sien nie omdat sy oë nog baie geswel was en dit maak hom angstig. Hy kla van 'n droë keel as gevolg van die pyp wat in sy keel was. Sy gee hom ysblokkies om aan te suig. Louw het blykbaar Sondagand gekla van hoofpyn, naarheid en sy bloeddruk het gestyg. Sondag die oogarts positiewe terugvoer gee wil die plastiese chirurg Woensdag, 11 Maart die frakture rondom sy oog en neus herstel. Die breinskandering lyk goed en alles is in plek.

Die drie mans, onderskeidelik 25, 27 en 28 het Maandag, 9 Maart in die hof op Lambertsbaai voorgekom. Ivan Meyer, minister van landbou het spesiaal na Lambertsbaai gekom om toe te sien dat die aangeklaagdes nie borgtog kry nie. Terwyl Meyer 'n plakkaat in die lug gehou het, het hy gesê: "Hulle gatte sal nie weer son sien nie." Meyer bedank Gideon Padkos de Beer vir die reël van die optog. Die verhoor het 'n menigte landbouprodusente van die omgewing gelok. Baie lede van die gemeenskap en omliggende dorpe en plase het in hul massas opgedaag en vreedsaam betoog teen borgtog vir die aanvallers. Die

saak is uitgestel tot 25 Mei. Die verdagtes bly in aanhouding.

Louw junior bedank elkeen wat op die tooneel was en gehelp het met die soektog na sy pa se aanvallers.



Hugo Louw in gelukkiger dae.



Jannie Strydom (Agri Wes-Kaap), minister Ivan Meyer (minister van landbou) en Gideon Padkos de Beer van die Graafwater Landbouvereniging by die hof.



Maskam Water

Vanrhynsdorp
Tel: 083 305 5233
Epos: hennie@maskam.co.za

Hou jou tuin in goeie toestand, selfs gedurende die water beperkings. Met behulp van 'n Maskam Gryswater Stelsel kan jy al jou gryswater hergebruik vir 'n prag somer tuin.



Olive str, Vanrhynsdorp

- Huidige model is in gebruik sedert Januarie 2016
- Ingeboude filter verwyder wolletjies en hare, wat verstopping van sproeiers verhoed
- Gryswater word behandel voor gebruik.

- GEEN slegte reuke nie.
- 100% tevrede kliënte tot op datum.



Telkom

No contracts. Just uncapped fibre at home.

Prepaid Compact>>Fibre

20/10
Mbps

R349
Valid for 30 days

 **Free starter pack promo**

Includes the installation + 30 days uncapped internet data

Call 10213, visit Telkom.co.za or go to any Telkom Shop

Possible begins here

Standard terms and conditions on all promotions and products apply and can be viewed at www.telkom.co.za. E&OE. Deal valid from 1 January - 31 March 2026. Free Starter Pack Promotion valid until 31 March 2026. Customers can seamlessly switch speeds based on their Internet Recharge Voucher purchase. No FUP threshold and no throttling apply. Includes Openserve Uncapped Internet data. Telkom shall be entitled in line with the Act (Electronic Communications Act 36 of 2005) and/or any Regulation to adjust the amounts reflected under Telkom's Tariff List from time to time.

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2026

Stuur gerus 2026 se datums
na info.onskontrei1@gmail.com

GRAAFWATER:
Saterdag, 14 Maart
NG Kerk basaar
Kerksaal, 10:00 - 13:00

CLANWILLIAM:
Saterdag, 14 Maart
BADISA Clanwilliam
Aand van dankbaarheid met
Jessica Daniëls
NG Kerksaal om 16:30
Toegang R250pp
(3 gang maaltyd ingesluit)

VANRHYNSDORP:
Vrydag, 20 Maart
Lions Skietdag
Atties, Vanrhynsdorp
Inskrywings 07:00 begin 07:30
Stalletjies en ook pryse om te wen.

VREDENDAL:
Baptiste Kerk
Wat gaan aan in die kerk vandag?
Gaspreeker Dr Ferdie Mulder
Saterdag, 21 Maart
Nashua gebou, 15:00

CLANWILLIAM:
APK Basaar
Jan Mostertpark
Saterdag, 21 Maart

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
(Cederberg) maatjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maatjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Die Gees tree vir ons onuitspreeklike sugtinge ooreenkomstig die wil van God

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30

Fokusgedeelte: Romeine 8:26, 27 *"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge. En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree."* (Afrikaanse Vertaling 1953)

Romeine 8:18-30 is onder andere 'n beoediging dat die Heilige Gees vir ons intree met gebed terwyl ons wag op die wederkoms en die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word. In vers 26 en 27 leer ons drie dinge oor die Gees wat vir ons intree: *Die noodsaaklikheid daarvan:* As gevolg van ons sonde weet ons nie altyd waarvoor ons moet bid nie. Dit is omdat

ons nie ten volle in lyn met God se wil is nie. Ons moet onthou dat God alle gebede hoor, maar slegs dié verhoor wat ooreenstem met sy wil. Dink aan Paulus wat gebid het dat die doring in sy vlees verwyder moet word, maar God het dit nie gedoen nie omdat dit God se wil was dat Paulus swak moes bly sodat hy sy afhanklikheid van God kan besef. *Die aard daarvan:* Die Gees bid nie onafhanklik van ons nie, maar Hy bid saam met ons. Daarom sê hierdie gedeelte nie dat ons nooit hoef te bid nie, maar dat wanneer ons na God verlang in ons gebed en ons vra vir dinge wat teen God se wil is, tree die Gees namens ons in. *Die effektiwiteit daarvan:* Die Heilige Gees, die Vader en die Seun is almal een God en hulle het dieselfde wil. Wanneer die Gees dus vir ons intree by ons Vader, weet Hy presies waarvoor om te vra,

want Hy en die Vader is een. Sy intreding vir ons is daarom altyd effektief, omdat God die gebed verhoor wat ooreenstem met sy wil. Die gevolg van die Gees wat vir ons intree en die feit dat ons weet dat sy gebede namens ons volkome verhoor word, laat ons met ander oë na vers 28 kyk: "Alles werk ten goede mee vir ons wat God liefhet."

Psalm 33:8-11 *"Laat die hele aarde vir die Here vrees; laat al die bewoners van die wêreld vir Hom bedug wees; want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan. Die Here vernietig die raad van die nasies, Hy veryd die gedagtes van die volke. Die raad van die Here bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag."* (Afrikaanse Vertaling 1953)

Dominee Hendrik Verryen

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Haastige hond verbrand sy mond

"Lekkerder op my trekker", nee Brendan Peyper, in Matzikama is dit nie altyd lekker op 'n trekker nie. Veral as broodwinners heeldag lank vragte na die plaaslike kelders moet ry en bekommerd moet wees oor ander padgebruikers wat al te haastig is om by die werk of huis te kom. Hierdie is 'n jaarlikse ding in die omgewing, en as jy al 'n paar jaar hier woon, is jy al gewoond hieraan, maar sommige padgebruikers se geduld word ernstig met die ekstra trekkers getoets. In die week ry ek weer agter 'n trekkertjie en sy wa aan, 40 km per uur as ons gelukkig is. Kyk maar die wingerde en bid vir geduld. Dubbellyne en blinde hoogtes, so ek mag en kan nie verbygaan nie. "Boet" met sy dubbelkajuit bakkie kom van agter

af gejaag met die spoed van wind. Haastig om seker by die huis te kom. Nie eers 5m verder nie, maak die trekker gereed om af te draai. As boet net paar sekondes later verbygejaag het, het hy in die trekker vasgery. Dan is jou nuwe bakkie in sy peetjie in en die arme bestuurder tien teen een opslag dood of ernstig beseer, 'n huisgesin sonder 'n pa en inkomste. Nee regtig, ons bly in die platteland, wees net vir 'n paar maande van die jaar bietjie meer geduldig met die trekkers op die pad. Hulle pak elke dag die pad aan in die bloedige son, sonder lugverkoeling, en probeer net soos jy wat ongeduldig is, 'n inkomste verdien.

Mede padgebruiker

Katte, katte orals

Genoeg is genoeg. Te lank het kateienaars die hele buurt gevange gehou. Solank ek my erfbelasting betaal, solank het ek die reg om te besluit of ek katte in my erf wil hê of nie. Honde - en kateienaars het 'n verpligting teenoor hul bure. Kateienaars sê te maklik "ek kan nie my kat in die erf hou nie. Om 'n kat te hê is 'n voorreg, nie 'n reg. Die wet: Jy mag 'n troeteldier aanhou, mits die dier nie jou bure verontref nie.

Een kat kan tot 24 huise om jou affekteer. Hoe kan jy 'n kat kry, maar jou hele erf is geplavei? Tensy jou kat van sement gemaak is, gaan jou kat sy besigheid in jou bure se erf doen!!!! Snags word sensorligte goed geaktiveer, katte op jou dak, klink soos seekoeie en die katte se base slaap te heerlik. Het enige kateenaar al ooit by al sy bure gehoor of sy katte 'n oorlas is? Steriliseer jou kat en hou hul snags in jou huis met hul eie sandbak, dan is jy nie selfsugtig nie. Ek plaas kateienaars en rokers in dieselfde kategorie. Onthou: AS JOU KAT NIE IN JOU ERF IS, DAN IS HUL BESIG OM 'N OORLAS TE WEES BY EEN VAN JOU BURE.

Anoniem

CLAWS beplan sterilisasiesprojek


Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: CLAWS is opgewonde oor hul volgende sterilisasieprojek wat van 5 tot 7 Mei plaasvind. Die organisasie het met Vetsolm saamgespan om te help om ten minste 100 diere in Mei te steriliseer en vra die gemeenskap se ondersteuning om dit 'n werklikheid te maak. Om die projek te dryf het hulle 9 dinamiese vrywilligers nodig om saam met een veearts en twee verpleegsters te werk. Hulle maak staat op passievolle diereliefhebbers om in verskeie rolle by hul versorgingstasie te help. Vrywilligers moet bereid wees om diere te kry om te laat steriliseer, primêre gesondheidskontrole uitvoer, die versorgingstasie bestuur, betrokke wees by die gemeenskapslede, opvoedkundige kennis versprei, bestuurders en voertuie om te help met die vervoer van diere. Hulle benodig vanaf die middag van 4 Mei ekstra helpende hande vir die opstel van die area. Gedurende 5, 6, en 7 Mei is daar verskeie maniere waarop vrywilligers hand kan bysit. Hulle kan

help met die verkryging van diere, vervoer van pasiënte, help met die versorging van die pasiënte voor en na die operasie, bestuur van die ontvangspilte of wees net 'n helpende hand. Hulp sal ook op die laaste dag benodig word om te help met die opruiming, inpak en vervoer van die laaste pasiënte na hulle huise. Kinders kan ongelukkig nie by die geleentheid geakkommodeer word nie, as gevolg van ruimte- en sekuriteitsbeperking. Slegs vrywilligers en lede op CLAWS se lys kan inskryf. CLAWS benodig ook 'n paar belangrike items vir die projek. Troeteldierkos sodat elke dier met 'n vol maag huis toe kan gaan. Ou handdoeke, komberse en koerant vir gemak. 'n Bestuurder met 'n bakkie om te help met vervoer, baie entoesiastiese, bekware, helpende hande.

Jeanine Mitchell sê byvoorbait dankie vir elkeen se ondersteuning en toewyding. "Saam kan ons 'n verskil maak in die kosbare diere se lewens," sê sy.

"Not everybody is in a position to help animals. But everybody is in a position not to harm them."



Citrusdal VLV hou onderwyspraatjie

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Die VLV het Woensdag, 19 Februarie 'n praatjie oor onderwys gereël. Zentie Groenewald van Noordhoek Primêr het die dames toegesprek oor onderwys en die probleme wat sy daaglik by hulle skool ondervind. Haar oupa, Jan Karolis was vanaf 1958 die skoolhoof by Noordhoek Primêr en is daarna deur haar ma opgevolg. Sy het dus in 'n opvoedershuis grootgeword. Groenewald het haar B Ed graad behaal en is vanaf 2014 die graad 1 onderwyser by die skool. Groenewald glo 'n kind moet in sy of haar totaliteit gevorm word en waardes moet reeds tuis aangeleer word. Elke huis en gemeenskap het sy eie kultuur. Kultuur is hoe kinders elke dag optree en moet reeds in die ouerhuis vasgelê word," sê sy. Reëls en dissipline hoort by opvoeding en die aanleer van waardes is nie die onderwysers se werk nie, maar die ouers se bydrae. Sy glo ook nog dat dit baie belangrik is om elke skooldag met Godsdienste te begin. Kinders uit verskillende huise moet respek vir ander leer en dit bly 'n uitdaging. Groenewald sê sy was van die begin af gelukkig om baie ondersteuning van haar ouer kollegas te kry. Sy noem ook dat stedelike skole meer uitdagings met erge boeliegedrag ervaar. Kinders moet opgevoed word om hulle eendag in die grootmensewêreld te kan handhaaf. Sy probeer om elke dag lees- en leerkultuur by haar leerders te kweek. Elke leerder moet op sy of haar eie vlak hanteer word. Al kan kinders nie baie doen nie, kan elke kind iets doen. Personeel van die skool probeer eers

help waar hulle kan en soek daarna hulp van buite. Personeel se ingesteldheid en toegewydheid moet reg wees. Daar is kinders wat akademies swaarkry, maar weer op ander gebiede uitblinkers is. Elkeen moet ontwikkel op sy eie vlak. Indien personeel met 'n leerder sukkel, is daar sielkundiges van die Wes-Kaapse Onderwys Departement wat kan help planne maak om elkeen se potensiaal te ontdek en ontwikkel. Groenewald sê die onderwys bly steeds vir haar 'n vervullende beroep. Marianne van der Merwe het meer vertel van die voordele van die veelsydige gemmerwortel wat gebruik kan word in gemmertee, gebak, bredies, gemmerstroop, as 'n marinade, vir naardeid en vele meer. Gemmer is ook goed vir die behandeling van gewrigte, bloedsirkulasie, as lugverfrisser saam met suurlemoen. Gemmer en asyn is goed vir reuke, skoonmaak en om insekte weg te hou. Saam met olie en sout kan dit ook as 'n lyfskrop gebruik word. Die dames bespreek idees vir volgende vergaderings om te pas by die jaartema: Van tuin tot tafel. Gemmerbier, gemmerbrood en wortelkoek word as verversings voorgesit.



Henriëtte van der Merwe en Zentie Groenewald.



Professor Nox Makunga en haar studente.

Enjo Nature Farm bevoorreg

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Vir die afgelope paar jare het professor Nox Makunga van die Departement Plant- en Dierkunde op Stellenbosch Enjo Nature Farm in die Biedouw Vallei besoek waar sy veldnavorsing in die vallei en die wyer noordelike Cederbergstreek gedoen het. Makunga het dié jaar haar studente saamgebring en hulle het gefokus op die oespatrone van Agathosma betulina, beter bekend as buchu, asook die impak op die genetiese bevolkingsstruktuur bestudeer. Die navorsing speel 'n belangrike rol in die begrip hoe om die omgewing se inheemse plantspesies vir toekomstige geslagte te beskerm en volhoubaar te bestuur. Volgens die eienaar van Enjo Nature Farm

is daar iets ongelooflik betekenisvol daaraan om te weet dat die landskappe wat inwoners hul tuiste noem, ook lewende laboratoria's is vir belangrike wetenskaplike navorsing. Hy sê om navorsing stilweg tussen die berge, fynbos en oop lug te sien ontvou, is 'n herinnering dat hierdie vallei meer as net skoonheid bevat, dit bevat kennis. Inwoners van Biedouw is altyd geëerd om akademiese en navorsers wat passievol is oor bewaring, biodiversiteit en die toekoms van hul natuurlike erfenis te verwelkom. Hy bedank professor Nox vir die jare se toewyding, nuuskierigheid en sorg wat aan hierdie spesiale plek getoon word.



IMPORTANT NOTICE

FORM 3A - NOTICE OF APPLICATIONS FOR LIQUOR LICENCES IN TERMS OF SECTION 37(1) OF THE WESTERN CAPE LIQUOR ACT,2008 – [REG. 10(1)]

Notice is hereby given that the following applications for liquor licences have been lodged with the Western Cape Liquor Authority (the Authority) and with the designated liquor officers at the indicated South African Police Service offices. The applications concerned may, up to and including the 28th day from the date of publication of the application, upon request and free of charge, be inspected by any person, at the offices of the Authority or the designated liquor officer listed hereunder. Copies of an application can be obtained from the Authority after payment of the prescribed fee. Objections and representations must be lodged in writing with the Authority and the designated liquor officer in accordance with section 39 of the Act.

VORM 3A - KENNISGEWING VAN AANSOEKE OM DRANKLISENSIES INGEVOLGE ARTIKEL 37(1) VAN DIE WES-KAAPSE DRANKWET,2008 – [REG. 10(1)]

Hiermee word kennis gegee dat die volgende aansoeke om dranklisensies ingedien is by die Wes-Kaapse Drankowerheid (die Owerheid) en] by die aangewese drankbeampes by die aangeduide Suid-Afrikaanse Polisiedienskantore. Die betrokke aansoeke kan, tot en met die 28ste dag vanaf die datum van publikasie van die aansoek, op versoek en gratis deur enige persoon besigtig word by die kantore van die Owerheid of die aangewese drankbeampes hieronder gelys. Afskrifte van 'n aansoek kan by die Owerheid verkry word na betaling van die voorgeskrewe fooi. Besware en verhoë moet ooreenkomstig artikel 39 van die Wet skriftelik by die Owerheid en die aangewese drankbeampes ingedien word.

IFOMU 3A - ISAZISO SOKUFAKWA KWESICELO SEPHEPHA MVUME NGOKWECANDELO 37(1) LOMTHETHO WOTYWALA WENTSHONA KOLONI KA-2008 – [UMGAQO 10(1)]

Isaziso siyanikezelwa ukuba ezi zicelo zilandelayo zamaphepha mvume otywala zifakiwe kwabasemaGunyaeni ezoTywala eNtshona Koloni (abasemaGunyaeni) nakumagosa ajongene nemiba engotywala kwii-ofisi ezixeliweyo zeeNkonzo zamaPolisa aseMzantsi Afrika. Izicelo ekubhekiselelwa kuzo zingakwazi kwiintsuku ezingamashumi amabini anesibhozo (28) ukususela ngomhla wokupapashwa kwesi sicelo, xa eceliwe kwaye simahla, ziye kuhlolwa nguye nawuphi umntu okwi-Ofisi esemaGunyaeni okanye yegosa elijongene nemiba engotywala elixelwe apha ngezantsi. Iikopi zesicelo zingafumaneka kwabasemaGunyaeni emva kwentlawulo emiselweyo. Uchaso neengxelo ezixhasayo ezibhaliweyo zingafakwa kwabasemaGunyaeni nakwigosa elijongene nemiba engotywala ngokwecandelo 39 loMthetho.

No.	Full name of applicant Volle naam van aansoeker Igama elipheleleyo lomfaki-sicelo	Name under which business will be conducted Naam waaronder besigheid bedryf sal word Igama ishishini eza kushishina phantsi kwalo	Address of the proposed premises Adres van die voorgename perseel Idilesi yesakhiwo	Kind of licence applied for Tipe lisensie waarom aansoek gedoen word Uhlobo lwephepha mvume olucelayo	South African Police Services designated liquor officer office where the application has been lodged Suid-Afrikaanse Polisiedienskantoor van die aangewese drankbeampes waar die aansoek ingedien is i-Ofisi yeGosa elijongene nemiba engotywala yeeNkonzo zamaPolisa eMzantsi Afrika apho isicelo sifakwe khona
1	Shoprite Checkers (Pty) Ltd	CX Clanwilliam	Cedar Mill Mall, Shop 1, Hospital Road, Clanwilliam, 8135	Off- Consumption	Clanwilliam

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. GESOEK
11. VERLORE / VERMIS
12. ALGEMEEN
13. BOTE / DIUK-TOERUSTING
14. LEWENDEHAWE
15. TROETELDIERE
16. GESOEK / BENODIG
17. MEUBELS
18. MUSIEK-INSTRUMENTE
19. RADIO / TV / VIDEO
20. TUINBOUDDIENSTE
21. JUWELIERSWARE
22. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
23. SPORTTOERUSTING
24. VAKANSIE
25. AKKOMMODASIE
26. REKENAARS
27. KANTOOR-TOERUSTING
28. BOUMATERIAAL
29. BOUWERK / VERK
30. VERVOER
31. AKKOMMODASIE
32. TE HUUR
33. SEKURITEIT / WAPENS
34. FIETSE
35. MASJINERIE/IMPLEMENTE
36. ONDERDELE / ENJINS
37. MOTORHERSTELWERK
38. SLEEPWAENS
39. MOTORFIETSE
40. WOONWAENS
41. VOERTUIG
42. EIENDOM
43. BETREKKINGS
44. BLINDINGS
45. ELEKTRIESE-WARE
46. GRASSNYERS
47. TE KOOP
48. TE RUIL



Stuur jou advertensie
inligting na
info.onskontrei1@
gmail.com of
skakel 027 213 2074

STRONG HERBALIST

Clanwilliam

Dr Benson

I solve all types
of problems

063 526 1494

NAMAQUA PESKONTROLE

Professionele
plaagbeheer
waarop jy kan vertrou!

Spuut & beheer van:
Kakkerlakke
muggies, miere,
vlooie
en ander insekte
**Betroubaar &
doeltreffend.**

Skakel
Johnny Laubscher
084 611 3147

ODD JOBS

TEL. & FAKS:
027 213 2968
Sel: 082 690 0984

Ons doen:

- ♦ Bouwerk - Steen & pleister
- ♦ Afdakke - hout & staal
- ♦ Bou van heinings (Vibracrete & Staal)
- ♦ Algemene loodgieter werk
- ♦ Teël van vloere & mure
- ♦ Installeer en herstel van plafonne, dakke en kosyne
- ♦ Herstel en lê van plaveisel

AANLYN- KALENDER 2026

Ons dateer die
aanlyn kalender
weekliks op.

**Alle kerke,
skole, sport-
klubs en in-
stansies stuur
julle belang-
rike datums
na**

info.onskontrei1@gmail.com
**Besoek ons aan-
lyn kalender by
www.onskontrei.co.za**

Geen berig, foto, artikel of
advertensie wat in die
ONS KONTREI verskyn
het mag sonder verloop van
die Redakteur gerepro-
duseer word nie, ingevolge
Artikel 12 (7) van die
Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se re-
daksie deel nie nood-
wendig die menings van
lesers, adverteerders of
korrespondente nie.
Uitgegee deur Protea
Drukkery, Sentraalstraat
8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Citrusdal eSentrum vier graduasie

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Die Wes-Kaapse Regering se eSentrum op Citrusdal het op Dinsdag, 3 Maart die graduasieseremonie vir die Basiese Digitale Vaardigheidsopleiding aangebied, 'n geleentheid wat die prestasies van die ses gegradueerdes gevier het en die eSentrum se belangrike rol in gemeenskapsbemaatiging deur digitale opleiding beklemtoon. Die eSentrum het sy waardering uitgespreek teenoor die rolspeleers en vennote wat die geleentheid ondersteun het, met bywoning deur onder andere die West Coast College in samewerking met plaaslike organisasies soos die Cederberg Geïntegreerde Menslike Nedersettings, die Sonstraaltjies ECD Speelgroep, die Cederberg/Matzikama Vigsnetwerk, die Citrusdal Biblioteek, Badisa Citrusdal, Arise with Crizaan SA en die Wes-Kaapse Regering Mobiele eCentre, wat almal bygedra het om digitale insluiting in die streek te bevorder. Die gasspreker, Crizaan Sampson, het die studente aangemoedig om hul nuwe digitale vaardighede met vertroue te gebruik en voort te gaan om te leer, terwyl die ontwikkelingsbestuurder Elroy Ruiters en die bestuurder van die Wes-Kaapse Regering Citrusdal eSentrum, Chatwin Fransman, die gegradueerdes gelukgewens het. "Baie geluk aan al die gegradueerdes wat die program suksesvol voltooi het. Julle toewyding om julle digitale vaardighede te verbeter, is 'n belangrike

stap in die rigting van groter geleenthede en groei." Die eSentrum gaan voort met sy missie

om toegang tot die digitale wêreld te vergroot en positiewe stories in die streek te skryf.



Agter is Citrusdal belanghebbendes en vennote. Voor is die ses gegradueerdes saam met die ontwikkelingsbestuurder in die middel, Elroy Ruiters.

Booyssendal stel VRL bekend

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Booyssendal Primêr is trots om die nuwe Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) vir 2026 aan te kondig. Die verkiesing het op Vrydag, 27 Februarie, plaasgevind en leerders het entoesiasies hul stemme uitgebring. Die volgende leerders is verkies: hoofseun: Jqvano Beukes en hoofdogter: Amenia Beukes. Die VRL leerders is Edwarno van der Byl (graad

4), Juliandre Engelbrecht (graad 5) en Alicia Bocks (graad 6). Die nuwe VRL-span (foto onder) sien uit daarna om saam met die skoolbestuur en personeel te werk om 'n positiewe verskil in die skool te maak. Die personeel wens die verkose leerders geluk en sterkte toe met hul verantwoordelikhede.



PUBLIC PARTICIPATION PROCESS/PUBLIEKE DEELNAME PROSES Maintenance Management Plan for maintenance and repairs for flood damage in the Cederberg Wilderness Area, specifically the Algeria Campsite, Boshberge Accommodation, Sneeuberg, Sneeuksop and Heuningsvlei Roads.

Notice is hereby given of a public participation process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998) as amended, and the Environmental Impact Assessment Regulations, 2014 (as amended) including the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998) as amended, and the "Regulations Regarding the Procedural Requirements for Water Use Licence Applications and Appeals", dated 2017.

English:

The Cederberg Wilderness Area is located on various properties, situated within the Cederberg Local Municipality and the West Coast District Municipality. The proposed works are for the maintenance and repair works for various roads/tracks and campsites that took place during flood damage.

This notification is for I&APs to register, should they wish to receive more information on the availability of the draft EMMP. The 30-day pre-application Public Participation Process for the environmental application will be from Monday, 16 March 2026, until Wednesday, 22 April 2026 (30 days).

More information is available from the EAP, and the draft EMMP may be accessed at <https://www.groenbergenviro.co.za/projects/?dir=3949>

Afrikaans:

Die Cederberg Wildernisgebied is geleë op verskeie eiendomme, wat geleë is in die Cederberg Plaaslike Munisipaliteit, asook die Weskus Distriks Munisipaliteit. Die voorgestelde werke is vir die instandhouding en herstel van verskeie paaie en kampeer terreine wat skade opgedoen het weens oorstroomings.

Hierdie advertensie dien vir I&APs om te registreer indien hulle meer inligting wil ontvang en van die beskikbaarheid van die konsep Bestuur en Herstel Plan (30 dae). Die 30-dae Openbare Deelnameproses sal wees vanaf Maandag 16 Maart 2026 tot Woensdag 22 April 2026 duur.

Meer inligting is beskikbaar by die OBP en die vooraanvraag konsep Bestuur en Herstelplan kan verkry word by <https://www.groenbergenviro.co.za/projects/?dir=3949>.

NEMA: The following National Environmental Management Act (NEMA) listed activities are triggered:

- Listing Notice 1: Activity 19 and 27
- Listing Notice 3: Activity 12

Date of this notice: 12 March 2026

WULA: The proposed maintenance activities will take place within or in proximity to watercourses and therefore activate listed activities as in Section 21 of the National Water Act, 1998. Section 21(c): Impeding or diverting the flow of water in a watercourse; and Section 21(i): Altering the bed, banks, course, or characteristics of a watercourse.

GroenbergEnviro (Pty) Ltd
PO Box 1058, Wellington, 7654
Details of EAP/OBP: Elaine Kühn, Cell: 082 746 5627,
E-mail: elanie@groenbergenviro.co.za
Details of WULA Consultant: Hendri Badenhorst; Cell: 072 178 6835;
Email: hendri@groenbergenviro.co.za

KENNISGEWING: UITNODIGING OM KOMMENTAAR TE LEWER OP DIE HERAANSOEK VIR OMGEWINGSMAGTIGING EN PROSPEKTEREGTE VIR SEEKONSESSIEGEBIED 11C, 40KM NOORD VAN STRANDFONTEIN LANGS DIE WESKUS

Trans Atlantic Diamonds (Edms) Bpk. is Omgewingsmagtiging (EA) en Prospekteregte toegestaan om diamante; edelstene; swaar en industriële minerale; en yster, basis- en edelmetale in Konsessiegebied 11C (Verw. Nr. (WC) 30/5/1/1/2/10384 PR) te prospekter. Die EA en prospekteregte het egter verval, en die kliënt het in Desember 2025 'n nuwe aansoek vir EA en Prospekteregte (Verw. Nr. (WC) 30/5/1/1/2/10522 PR) ingedien by die Departement van Minerale en Petroleumhulpbronne (DMPR) ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (107 van 1998) en die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne (28 van 2002).

Anchor Environmental Consultants (Edms) Bpk is aangestel as die onafhanklike Omgewingsassesseringspraktisyn (EAP) om die 2022 Basiese Assesseringsverslag (BAR) wat onveranderd bly, en die opgedateerde spesialisverslae (waar van toepassing) vir die voorgestelde aktiwiteit en die potensiele impakte daarvan, weer in te dien, tesame met die uitvoering van 'n Openbare Deelnameproses met die indiening van die bevindinge as 'n verslag aan die DMPR.

U word hiermee uitgenooi om u kommentaar oor die heraansoek en aktiwiteit in te dien gedurende die 30-dae openbare kommentaarperiode: Van 19 Maart 2026 tot 23:59 op 20 April 2026.

'n Agtergrondinligtingsdokument, spesialisstudies en 'n BAR met besonderhede oor die projek sal elektronies beskikbaar wees vanaf die onderstaande webwerf en as gedrukte kopieë by die Doringbaai WCG eSentrum en Strandfontein Weskus Inligtingsentrum gedurende hierdie tyd.

METODE OM KOMMENTAAR TE LEWER: Dien u kommentaar in by die onderstaande kontakpersoon per e-pos, pos of telefonies. Maak seker dat u naam, kontakbesonderhede, u belangstelling in hierdie aktiwiteit (bv. inwoner, visserman, ens.) en die manier waarop u gekontak wil word (telefoon/WhatsApp/pos/e-pos) verskaf word.

Kontakpersoon:
Steve September: 021 701 3420
Posadres: Suite 8, Steenberg House, Steenberg Office
Park, Silverwood Close, Tokai, 7945
E-pos: steve@anchorenvironmental.co.za
Besoek: <https://anchorenvironmental.co.za>



Advertensie op 12 Maart 2026 geplaas

Muholi Art Institute bemagtig jeug deur lensgebaseerde storievertelling

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Die Muholi Art Institute (MAI) het die eerste vyf dae van dié organisasie se Photo XP-program in Vredendal suksesvol afgesluit en die krag van visuele storievertelling aan agt leerders van Vredendal-Noord Primêr gebring. Die program, wat van 2 tot 6 Maart geduur het, dui op 'n beduidende kulturele uitruiling tussen Kaapstad en Matzikama, moontlik gemaak deur 'n vennootskap met die plaaslik Ray Swartz-stigting.

Onder leiding van die bekende fotograaf en visuele aktivis Lindeka Qampi, is Photo XP nie net as 'n fotografiowerkwinkel ontwerp nie, maar as 'n holistiese kreatiewe leerervaring. Die program se eerste fase het gefokus op die bou van 'n fondament van vertroue en respek, wat begin met huisbesoeke aan die families van die jong deelnemers saam met die plaaslike legende en voormalige onderwyser, Ray Swartz. Hierdie gemeenskapsgerigte benadering het verseker dat die program verwelkom is in Vredendal.

"Photo XP begin lank voordat die kameras uitkom," het Lindeka Qampi, hoof-fasiliteerder, gesê. "Dit begin met die skep van 'n veilige ruimte waar jong-

mense gesien en gehoor word. Deur hul huise te besoek en hul families te ontmoet, vertel ons hierdie kinders dat hul storie en hul gemeenskap saak maak. Die kreatiwiteit wat ons van hulle sien, is 'n direkte gevolg van daardie vertroue." Oor die vyf dae het leerders oorgegaan van kreatiewe ysbreekoefeninge na die beëindiging van die tegniese en artistieke grondbeginsels van fotografie.

Die program is verryk deur die teenwoordigheid van die multidissiplinêre kunstenaar Lulu Molinares, 'n kunstenaar van Panama, wie se werkwinkel oor poësie en boekie-skepping leerders nuwe gereedskap vir narratiewe denke gebied het. Die MAI-span, insluitend Vernon Pienaar van SVE Media en Wakhe Sebenza van Sebenza Creative House, het die intensiewe werkwinkel ondersteun.

Die Photo XP-program demonstreer die krag van kuns om generasie- en geografiese gapings te oorbrug. Deur hierdie agt leerders toe te rus met kameras en visuele geletterdheidsvaardighede, bevorder MAI 'n nuwe generasie storievertellers wat hul wêreld met selfvertroue en doelgerigtheid kan dokumenteer.



Lindeka Qampi en leerders van Vredendal-Noord Primêr saam met Ray Swartz.

“Fotografie help kinders om te ontdek dat hul perspektief saak maak en dat hul stories verdien om gesien te word.”

**CEDERBERG MUNICIPALITY
NOTICE NUMBER: 28/2026**

PROPOSED CLOSURE OF PUBLIC PLACES, REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE CONDITIONS, AMENDMENT OF A GENERAL PLAN (TP555SD), SUBDIVISION, REZONING, DEPARTURE AND CONSOLIDATION OF ERVEN 194, 219 AND 204, GRAAFWATER

Notice is hereby given in accordance with Section 46 of the Cederberg By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019), that an application was received for the proposed closure of public places, removal of restrictive title conditions, amendment of a general plan (TP555SD), subdivision, rezoning, departure and consolidation of Erven 194, 219 and 204, Graafwater. The application is available for viewing from Monday to Thursday between the hours of 08:00 and 15:00 and Friday between the hours of 08:00 and 14:00 at the Technical Services, Town Planning & Building Control Department, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam. Any objections and/or comments may be lodged in writing to the Municipal Manager, Private Bag X2, Clanwilliam, 8135 on or before **20 April 2026**, in accordance with Section 50 of the relevant By-Law quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comment. The comments can be emailed to landuse@cederberg.gov.za. Telephonic enquiries may be directed to Mr. A Neethling at 027 482 8000 during the abovementioned days and hours. The Municipality may refuse to accept objections and/or comments received after aforementioned closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

Applicant: CK Rumboll and Partners, Tel no. 022 482 1845, E-mail planning2@rumboll.co.za
Owner: Wessels Familie Trust and Cederberg Municipality
Property description: Erven 194, 219 and 204, Graafwater
Physical address: C/o Lamberts Bay Road and Olofberg Street, Graafwater
Reference number: Erf 194 GRW

Description of application:

- a) The closure of Erf 204, Graafwater zoned as Open Space Zone I in terms of Section 15 (2) (n) of Cederberg Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of Friday, 15 March 2019).
- b) The closure of a portion of Erf 219, Graafwater zoned as Transport Zone II in terms of Section 15 (2) (n) of in terms of Cederberg Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of Friday, 15 March 2019).
- c) The Removal of restrictive title deed conditions on Erf 194, Graafwater in terms of Section 15 (2) (f) of Cederberg Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of Friday, 15 March 2019).
- d) The amendment of an approved General Plan, in terms of Section 15(2)(k) of the Cederberg Municipality By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019), to incorporate 6 additional erven into the approved General Plan (TP555SD).
- e) The subdivision of Erf 204, Graafwater, into a Portion A (±87m² in extent), Portion B (±63m² in extent), Portion C (±48m² in extent) and Portion D (±80m² in extent) in terms of Section 15(2)(d) of the Cederberg Municipality By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019).
- f) The rezoning of Portion A - Portion D of Erf 204, Graafwater, from Open Space Zone I to Single Residential Zone I in terms of Section 15(2)(a) of the Cederberg Municipality By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019).
- g) The rezoning of Portion A - Portion F of amended general plan (Erf 219, Graafwater), from Transport Zone II to Single Residential Zone I in terms of Section 15(2)(a) of the Cederberg Municipality By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019).
- h) The proposed consolidation of Portion A of Erf 204, Portion A of the amended General Plan (Erf 219) and Erf 194, in terms of Section 15(2)(e) of the Cederberg Municipality By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019) to form a single large property.
- i) The proposed consolidation of Portion D of Erf 204 with Portion F of the amended General Plan (Erf 219) in terms of Section 15(2)(e) of the Cederberg Municipality By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019) to form a single large property.
- j) The proposed consolidation of Portion B of Erf 204 with Portion B of the amended General Plan (Erf 219) in terms of Section 15(2)(e) of the Cederberg Municipality By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019) to form a single large property.
- k) The proposed consolidation of Portion C of Erf 204 with Portion C of the amended General Plan (Erf 219) in terms of Section 15(2)(e) of the Cederberg Municipality By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019) to form a single large property.
- l) The proposed departure of building lines, in terms of Section 15(2)(b) of the Cederberg Municipality By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019) to accommodate the existing dwelling house on its current location.

**GF MATTHYSE
MUNICIPAL MANAGER**
Municipal Office
2A Voortrekker Street, CLANWILLIAM 8135

**CEDERBERG MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING NOMMER: 28/2026**

VOORGESTELDE SLUITING VAN OPENBARE PLEKKE, OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES, WYSIGING VAN 'N ALGEMENE PLAN (TP555SD), ONDERVERDELING, HERSONERING, AFWYKING EN KONSOLIDASIE VAN ERWE 194, 219 EN 204, GRAAFWATER

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig Artikel 46 van die Cederberg Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019) dat 'n aansoek ontvang is vir die voorgestelde sluiting van openbare plekke, opheffing van beperkende titelvoorwaardes, wysiging van 'n Algemene Plan (TP555SD), onderverdeling, hersonering, afwyking en konsolidasie van Erwe 194, 219 en 204, Graafwater. Die aansoek is beskikbaar vir besigtiging vanaf Maandag tot Donderdag tussen die ure van 08:00 en 15:00 en Vrydag tussen die ure van 08:00 en 14:00 by die Tegniesedienste, Stadsbeplanning en Boubeheer Departement, Voortrekkerstraat 2A, Clanwilliam. Enige besware en/of kommentare kan voor of op **20 April 2026** skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X2, Clanwilliam, 8135 ingedien word, in ooreenstemming met Artikel 50 van die betrokke Verordening, met vermelding van u naam, adres of kontakbesonderhede, belangstelling in die aansoek en redes vir kommentaar. Kommentaar kan gestuur word na landuse@cederberg.gov.za. Telefoniëse navrae kan gerig word aan Mnr A Neethling by 027 482 8000 gedurende bogenoemde dae en ure. Die munisipaliteit mag weier om besware en/of kommentare wat na voormelde sluitingsdatum ontvang is te aanvaar. Enige persoon wat nie kan skryf nie, sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hul kommentaar op skrif te stel.

Aplikant: CK Rumboll en Vennote, Tel no. 022 482 1845, E-pos: planning2@rumboll.co.za
Eienaar: Wessels Familie Trust en Cederberg Munisipaliteit
Eiendomsbeskrywing: Erwe 194, 219 and 204, Graafwater
Fisiese Adres: H/v Lambertsbaaiweg en Olofbergstraat, Graafwater
Verwysingsnommer: Erf 194 GRW

Beskrywing van aansoek:

- a) Die sluiting van Erf 204, Graafwater, gesoneer as Oopruimtesone I ingevolge Artikel 15(2)(n) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van Vrydag, 15 Maart 2019).
- b) Die sluiting van 'n gedeelte van Erf 219, Graafwater, gesoneer as Vervoersone II ingevolge Artikel 15(2)(n) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van Vrydag, 15 Maart 2019).
- c) Die opheffing van beperkende titelvoorwaardes op Erf 194, Graafwater ingevolge Artikel 15(2)(f) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PG 8062 van Vrydag, 15 Maart 2019).
- d) Die wysiging van 'n goedgekeurde Algemene Plan, ingevolge Artikel 15(2)(k) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019), om 6 addisionele erwe by die goedgekeurde Algemene Plan (TP555SD) in te sluit.
- e) Die onderverdeling van Erf 204, Graafwater, in 'n Gedeelte A (±87m² groot), Gedeelte B (±63m² groot), Gedeelte C (±48m² groot) en Gedeelte D (±80m² groot) ingevolge Artikel 15(2)(d) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019).
- f) Die hersonering van Gedeelte A tot Gedeelte D van Erf 204, Graafwater, vanaf Oopruimtesone I na Enkelresidensiële Sone I ingevolge Artikel 15(2)(a) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019).
- g) Die hersonering van Gedeelte A tot Gedeelte F van die gewysigde Algemene Plan (Erf 219, Graafwater), vanaf Vervoersone II na Enkelresidensiële Sone I ingevolge Artikel 15(2)(a) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019).
- h) Die voorgestelde konsolidasie van Gedeelte A van Erf 204, Gedeelte A van die gewysigde Algemene Plan (Erf 219) en Erf 194, ingevolge Artikel 15(2)(e) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019) om een groot eiendom te vorm.
- i) Die voorgestelde konsolidasie van Gedeelte D van Erf 204 met Gedeelte F van die gewysigde Algemene Plan (Erf 219) ingevolge Artikel 15(2)(e) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019) om een groot eiendom te vorm.
- j) Die voorgestelde konsolidasie van Gedeelte B van Erf 204 met Gedeelte B van die gewysigde Algemene Plan (Erf 219) ingevolge Artikel 15(2)(e) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019) om een groot eiendom te vorm.
- k) Die voorgestelde konsolidasie van Gedeelte C van Erf 204 met Gedeelte C van die gewysigde Algemene Plan (Erf 219) ingevolge Artikel 15(2)(e) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019) om een groot eiendom te vorm.
- l) Die voorgestelde afwyking van boulyne, ingevolge Artikel 15(2)(b) van die Cederberg Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019), om die bestaande woonhuis op sy huidige ligging te akkommodeer.

**GF MATTHYSE
MUNISIPALE BESTUURDER**
Munisipale Kantoor
Voortrekker Straat 2A, CLANWILLIAM, 8135

Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

SPORT NUUS

13 MAART 2026

Parkrun/walk

Vredendal: Parc de Lausanne
Vanhynsdorp: Letsatsi Lodge
Clanwilliam: Veldskoendraai padstal

5km stap of draf
Saterdag - 7:00

Namaqua atlete wikkel die somer Lutzville atleet deur na SA's

Berig: Elna Esterhuyse
Foto's: Verskaf

VREDENDAL: Namaqua Atletiekklub spog met junior atlete wat deur die somerseisoen, die hitte ten spyt, hulle beste lewer op die atletiekbane en -velde. Die hamergooi-atlete het uitstekend gevaar tydens die byeenkomste te Dal Josafat in die Paarl en Coetzenburg in Stellenbosch.

Uitslae is as volg: Boland Skolekampioenskappe, Dal Josafat: Dané Lans 2de, dogters O/14 met 'n persoonlike beste prestasie, Hanna Stemmet 5de, dogters O/17 en JG Matthee 3de, seuns O/17. Boland Kampioenskappe, Coetzenburg: Dané Lans 2de, dogters O/14, Hanna Stemmet 3de, dogters O/18, JG Matthee 5de, seuns O/18, Nelissen van Wyk 5de, seuns O/16 en Wynand van Eeden 6de seuns O/16

Drie seniors het ook hulle stem dik gemaak tydens die Infantry School Cango Marathon in Oudtshoorn. 42,2km: Janri Visagie (3:28:52) en Sharon Calitz (4:53:22). 21,1km: Danie Calitz (2:12:59).

Komende naweek trek Namaqua atlete laer op Langebaan vir die baie gewilde en uitdagende Weskus Marathon en Halfmarathon - hopelik het die huidige hittegolf homself teen Saterdag uitgewoed!



Hanna Stemmet.

Dané Lans.



JG Matthee.

Janri Visagie.



Wynand van Eeden en Nelissen van Wyk

DATUM: 21/03/2026
PLEK: ATTIES VANRHYNSDORP
INSKRYWINGS: 07H00
OPENING: 07H30

'N LEKKER SKIETDAG MET
KOS- EN KOELDRANK
STALLETJIES,
ASOOK BAIE PRYSE OM TE WEN.

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE: Na afloop van die laerskole Boland Atletiekbyeenkoms wat Saterdag, 21 Februarie plaasgevind het, het **Gerber van Zyl (foto regs)**, 'n leerder van Hoërskool Lutzville homself oortref deur vir die Wes-Kaap Atletiekbyeenkoms te kwalifiseer wat op 6 en 7 Maart in Stellenbosch aangebied is.

Van Zyl het tydens die Boland Atletiekbyeenkoms 'n puik 1ste plek in die seuns O/13 hoogspring behaal met 'n uitsonderlike hoogte van 1,65m. 'n Hoogte wat getuig van harde werk, toewyding en ware talent.

Van Zyl het 'n uitstekende vertoning gelewer by die Wes-Kaap Laerskole Atletiekbyeenkoms.

Hy het 'n 1ste plek in hoogspring behaal en die goue medalje gedeel met 'n ander wat dieselfde uitstekende hoogte (1.65m) gespring het. Dit is 'n besonderse prestasie

op hierdie vlak van kompetisie. Hierdie uitslag beteken dat Van Zyl deurdring na die SA's, wat 19 tot 22 Maart plaasvind.



Atleet in Bolandspan opgeneem

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: **Zaydon van der Westhuizen (foto regs)** van Hoërskool Vanhynsdorp is opgeneem in die Boland Atletiekspan.

Hy neem 14 Maart deel aan die Wes-Kaap Kampioenskappe by Coetzenburg in Stellenbosch.

Hy sal deelneem aan die 1500m hinderenis wedloop.

STEENKAMPSKRAAL MONAZITE MINE

NOTICE REGARDING FRAUDULENT ACTIVITIES

Steenkampskraal Monazite Mine Proprietary Limited ("SMM") has become aware of **fraudulent activities involving individuals or entities falsely soliciting payments** from members of the public under the pretext of tender opportunities or service contracts purportedly associated with SMM.

SMM hereby **confirms that legal proceedings** are being initiated to address and resolve these fraudulent activities.

SMM **follows a strict and formal procurement protocol** when requesting quotations, tenders, or service proposals. No employee, contractor, or representative working on or at the mine is authorised to independently advertise, communicate, or broadcast potential tender opportunities or service requirements to the public.

Any alleged tender, project opportunity, or service request communicated verbally, informally, or **through unofficial channels must be regarded as unauthorised and potentially fraudulent.**

All legitimate procurement opportunities issued by SMM will only be communicated through the following official channels:

- The **formal Social Development Platform**, and
- Verified advertisements published in recognised media platforms**, including but not limited to **local newspapers** and official notice boards in the surrounding towns.

Members of the public are advised that **it remains their responsibility to verify the authenticity** of any advertisement, tender, or procurement opportunity by contacting SMM directly through its official communication channels.

Under no circumstances does SMM charge any fees or request payments from individuals or companies for participation in tenders, service opportunities, or procurement processes.

SMM strongly urges the public to remain vigilant and aware of these fraudulent and criminal activities. SMM accepts no liability or responsibility for any payments made to third parties falsely claiming to represent the mine or its procurement processes.

Issued by: **Steenkampskraal Monazite Mine Proprietary Limited**
05th March 2026

KENNISGEWING BETREFFENDE BEDRIEGLIKE AKTIWITEITE

Steenkampskraal Monazite Mine Proprietary Limited ("SMM") het bewus geword **van bedrieglike aktiwiteite waar in dividue of entiteite valslik betalings van lede van die publiek versoek** onder die voorwendsel van tender geleenthede of dienskontrakte wat nabewering met SMM geassosieer word.

SMM **bevestig hiermee dat regstappe** ingestel word om hierdie bedrieglike aktiwiteite aan te spreek en op te los.

SMM **volg 'n streng en formele verkrygings protokol** wanneer kwotasies, tenders of diensvoorstelle aangevra word. Geen werknemer, kontrakteur of verteenwoordiger wat by of op die myn werksaam is, is gemagtig om onafhanklik potensieële tendergeleenthede of diensvereistes aan die publiek te adverteer, te kommunikeer of te versprei nie.

Enige beweerde tender, projekteleenthede of diensversoek wat mondelings, informeel of **deur nie-amptelike kanale gekommunikeer word, moet as ongemagtig en moontlik bedrieglik beskou word.**

Alle wettige verkrygings geleenthede wat deur SMM uitgereik word, sal slegs deur die volgende amptelike kanale gekommunikeer word:

- Die **formele Sosiale Ontwikkelingsplatform**, en
- Geverifieerde advertensies** wat in **erkende mediaplatforms** gepubliseer word, insluitend maar nie beperk nie tot **plaaslike koerante** en amptelike kennisgewingborde in die omliggende dorpe.

Lede van die publiek word daarop gewys **dat dit hul verantwoordelikheid bly om die egtheid** van enige advertensie, tender of verkrygingsgeleenthede te verifieer deur SMM direk via sy amptelike kommunikasiekanale te kontak.

Onder geen omstandighede hef SMM enige fooie of versoek dit enige betalings van individue of maatskappye vir deelname aan tenders, diensgeleenthede of verkrygingsprosesse nie.

SMM doen 'n ernstige beroep op die publiek om waaksaam te wees en bewus te bly van hierdie bedrieglike en kriminele aktiwiteite. SMM aanvaar geen aanspreeklikheid of verantwoordelikheid vir enige betalings wat aan derde partye gemaak word wat valslik beweer dat hulle die myn of sy verkrygingsprosesse verteenwoordig nie.

Uitgereik deur: **Steenkampskraal Monazite Mine Proprietary Limited**
Datum: 05 Maart 2026